SANAE 26 XI 60



Beste Theo,

Baie dankie vir jou brief van 19 oktober 1960. as mens so deur die lyne van jou boodskap lees kry jy sommer lus om ook na die Antarktika toe te gaan ten spyte van die harde werk wat julle daar moet verrig. Hoe hard die werk ook al mag wees ek dink die ~~ervaring~~ ervaring wat mens daarby opdoen en al die dinge soos suiderligte wat die normale mens tog baie selde te sien kry tog 'n goeie kompensasie is. Met ons gaan dit goed en ons sit nog maar altyd vas met dringende werk. Soos jy gehoor het het ons ongelukkig mnr Visser aan die universiteit van pretoria verloor Dit is egter maar die dinge wat nou en dan gebeur en mens kan daar niks aan doen nie. Ons sien uit na jou terugkeer en mnr hoo ~~word?~~ het seker 'n hele klompie dinge waarmee jy hom sal moet help. daar jy weg was het 'n sekere mnr Fontana jou pos tydelik gehou maar hy sal ons met 31 desember weer verlaat om na duitsland te gaan. So nie alleen die werk maar ook jou pos wag vir jou. Jy het seker gehoor dat Millard aangestel is vir SANAE wat binnekort die unie sal verlaat sodat daar gesorg is dat ten minste een Persoon van ons instituut by die antarktika

is Nouja ek wens jou namens almal 'n gelukkige en voorspoedige terug reis na S.A. en ons sien daarna uit om jou hier te sien en van jou te hoor wat jy alles teengekom het. Met baie hartelike groete

H G denkhaus.
Waarnemende
Direkteur.

Theo